PROEFTYDPERKE EN VASTETERMYNKONTRAKTE

Vraag: Kan 'n werkgewer 'n vastetermynkontrak as 'n plaasvervanger vir 'n proeftydperk gebruik?

Antwoord: Nee. Dit is belangrik om tussen 'n proeftydperk en 'n vastetermynkontrak te onderskei.

Kort verduideliking: Klousule 8 van die Kode vir Goeie Praktyk: Ontslag (Skedule 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge) handel spesifiek oor proeftydperke. Dit bepaal dat die doel van 'n proeftydperk is om aan die werkgewer die geleentheid te bied om die werknemer se prestasie te beoordeel, voordat die aanstelling bevestig word. Dit bepaal voorts: "*Proeftydperke mag nie vir doeleindes wat nie deur hierdie Kode beoog word nie, gebruik word om werknemers van die status van permanente diens te ontneem nie. Byvoorbeeld, die praktyk om werknemers aan die einde van hulle proeftydperke te ontslaan en hulle dan met nuut-aangestelde werknemers te vervang, strook nie met die doel van proeftydperke nie en sal 'n onbillike arbeidspraktyk daarstel.*" Die Kode bied ook aan werkgewers riglyne oor die prosedures wat hulle in hul hantering van persone op proef behoort te volg.

Vastetermynkontrakte dien 'n ander doel. In die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge wat met ingang van 1 Januarie 2015 in werking getree het, word 'n vastetermynkontrak omskryf as *" 'n dienskontrak wat staak –*

(a) wanneer 'n gespesifiseerde gebeurtenis plaasvind;

(b) met die afhandeling van 'n gespesifiseerde taak of projek; of

(c) op 'n datum wat nie 'n werknemer se normale of ooreengekome aftreedatum is nie."

Die wysigings is hoofsaaklik aangebring om bykomende beskerming aan werknemers met 'n laer inkomste, wat vir langer as 3 maande op 'n vastetermynkontrak is, te verleen. Die definisie hierbo is egter ook 'n duidelike aanduiding dat 'n vastetermynkontrak nie as 'n plaasvervanger vir 'n proeftydperk gebruik kan word nie.

As bevind word dat 'n werkgewer die proeftydperkprosedures omseil het deur van 'n vastetermyn-kontrak gebruik te maak, sal dit as 'n onbillike ontslag beskou word.

Artikel verskaf deur Jan Truter van Labourwise

www.labourwise.co.za is 'n aanlyn-diens ten opsigte van arbeidsverhoudinge, wat daarop gemik is om werkgewers met die implementering van doeltreffende arbeidsverhoudinge te help. Kontak hulle via die webtuiste, of by info@labourwise.co.za.